

# POLICY 030/2016 RAADSBELEID

## MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: **AANHOU VAN PLUIMVEE, VOËLS & DUIWE**

REFERENCE/VERWYSING: **1.3.1.1.16**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **45/10.2/2016 (SCM)**                      DATE/DATUM: **26 October 2016**

BELEIDSOOGMERK: Om die aanhou van duiwe en ander voëls asook die oprigting van voël- en duiwehokke op residensiële persele, te beheer en te beperk.

### BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINGSELS

Aanhou van pluimvee, voëls en duiwe kan 'n gesondheidsgevaar en ongerief vir omliggende inwoners skep. Beleid is noodsaaklik om die aanhou van pluimvee, voëls en duiwe te beheer en te beperk.

### RIGLYNE

1. Voëls en duiwe kan slegs met die toestemming van die Raad op persele aangehou word soos in die Skemaregulasies (LUMS) bepaal.
2. Met die aanhou van voëls, anders as duiwe, moet 'n permit van Natuurbewaring verkry word dat hulle tevrede is met die hokke waarin elke tipe voël aangehou word.
3. Met inheemse voëls en bedreigde spesies moet die eienaar ook in besit wees van wetlike permitte soos deur Natuurbewaring vereis.
4. Wanneer die eienaar 'n ander tipe voël wil aanhou as waarvoor hy reeds toestemming het, sal die aanliggende bure weer hulle skriftelike toestemming moet gee en Natuurbewaring weer die nodige permit sal moet uitreik.
5. Waar hokke gebou word deur van konvensionele boumetodes te gebruik, sal dit onderworpe wees aan die bepalinge van die Skemaregulasies en die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde.
6. Alle hokke, vir die aanhou van voëls, berging van voedsel en gepaardgaande items, moet aan die vereistes van Omgewingsgesondheidsafdeling van die Distriksmunisipaliteit voldoen.
7. Alle voëls, duiwe en pluimvee, moet aan die Verordening Insake die Aanhou van Diere voldoen.

### PROSEDURE

1. Alle aansoeke vir die aanhou van voëls en bouplanne vir die oprigting van hokke vir voëls moet ingevolge die Skemaregulasies skriftelik, tesame met al die dokumentasie soos uiteengesit in die riglyne, by die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer ingedien word.
2. Die aansoek vir die aanhou van voëls en duiwe binne die Munisipaliteit Dawid Kruijer se regsgebied sal slegs oorweeg word indien daar ook 'n terreinplan ingedien word wat aan die omliggende bure getoon kan word en wat aandui waar die hokke op die erf geplaas gaan word.
3. Goedkeuring van aansoeke sal alleenlik oorweeg word met die aanbeveling van alle relevante afdelings en die skriftelike goedkeuring van die direk aanliggende bure, dat hulle geen beswaar het met die oprigting van hokke en die aanhou van voëls of duiwe het nie.
4. Volledige bouplanne vir die hokke moet daarna by die Afdeling Boubeheer ingedien word.

#### ROLLE

1. Die afdeling Omgewingsgesondheidsdienste van die Distriksmunisipaliteit.
2. Die afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer.

#### VERWANTE BELEID

1. Skemaregulasies.
2. Verordeninge aangaande aanhou van pluimvee en voëls.

#### HERROEPING / WYSIGINGS

Dat alle vorige Beleidsbesluite in hierdie verband, herroep word.